ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

India's National Spiritual Newspaper

AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, 2020 JULY** **No. 2**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 64:1-10

1. Hoor my as ek kla, o God, beskerm my lewe teen die bedreiging van die vyand!
2. Bewaar my van die komplotte van kwaadwilliges, van die kwaadstokery van mense wat onreg doen,
3. wat met skerp tonge vir swaarde en giftige woorde vir pyle
4. uit hinderlae lostrek op 'n onskuldige mens. Uit die bloute trek hulle selfversekerd op hom los
5. Hulle smee bose planne en kom ooreen om strikke te stel. Hulle dink niemand sien hulle nie.
6. Hulle beplan skelmstukke en sê: "Ons het 'n volmaakte komplot gesmee, want wat binne in 'n mens is, wat hy uitgedink het, is 'n geheim."
7. Dan tref God hulle met 'n pyl, en meteens is hulle daarmee heen:
8. hulle eie tonge het hulle tot 'n val gebring!
9. Elkeen wat dit sien, knik met voldoening die kop.
10. Met groot ontsag getuig almal dan van die dade van God omdat hulle insig gekry het in wat Hy doen. Laat die regverdige hom in die Here verbly en sy toevlug by Hom soek, laat al die opregtes Hom prys.

Jy moenie bang wees nie, ploegland,
jy moet bly wees en juig,
want die Here het 'n wonder gedoen"
(Joel 2:21)

(Pastoor S. Sam Selva Raj)

Die wêreld het die afgelope tyd deur baie moeilike dae gegaan soos nog nooit tevore gesien is nie. Daar was hongersnood, peste, oorloë, vloede, aardbewings, vulkaanuitbarstings ensovoorts. Maar die huidige pandemiese aanval deur die Korona (Covid-19) Virus het letterlik die wêreld platgeslaan. Byna alle nasies van die wêreld het inperkings afgekondig waar slegs esssensiële dienste en voorrade toegelaat word. Fabrieke het gesluit, lugdienste het op die grond bly staan, treine het tot stilstand gekom, busse en vragmotors moes van die pad af. Hoekom? Selfs landbou-aktiwiteite het tot stilstand gekom. Belangrikste, die kerke is toegemaak en vergaderings van baie mense is gestop. Ons het nog nooit so 'n scenario in ons leeftyd gesien nie. Mense moet binneshuis bly en 'n sosiale afstand handhaaf, maskers dra en dikwels hande was met ontsmettingsmiddels.

Die Virus

Ons het gehoor van virusse soos die Spaanse griep, Marburg, Pokke, Hanta, Dengue, Vigs, SARS, Zika, Nipah, Ebola, ens. waarvan sommige baie dodelik was en baie lewens geëis het. Maar van hulle almal is die Covid-19 die gevaarlikste pandemie, nie omdat dit so dodelik is nie, maar omdat dit so geweldig aansteeklik is. Dit is ook dodelik. Die dodetal het honderde duisende verbygesteek en die infeksie het miljoene oor die wêreld bereik. Maar te danke aan die wyse optrede van nasies wat bewussyn onder hulle mense geskep het en tydige behandeling gegee het, is die ramp in 'n mate

... verv. op bls. 3

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

OUR MISSION POLICY

Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"...Go in peace, and the God of Israel grant your petition which you have asked to him" (I Samuel 1:17).

Geliefdes in die Here Jesus Christus!

Ons groet julle in die naam van die Here en Verlosser van die wêreld, Jesus Christus.

Die mense van die hele wêreld lewe in vrees oor COVID 19 (Corona virus) soos ek nou hier skryf. Duisende mense vanoor die hele wêreld het gesterf as gevolg van hierdie pandemie. Duisende mense is afgesonder, óf in hospitale óf in hulle huise as deel van die bestryding van hierdie siekte. Dit is 'n saak wat 'n mens bekommerd maak. Ons moet aanhou bid dat God genade aan die mense van die wêreld betoon en hierdie dodelike virus stop. Die dood van onskuldige mense wat deur hierdie siekte geaffekteer is, breek 'n mens se hart. Dus is dit die verantwoordelikheid van godvresende mense soos ons om teen die verspreiding van hierdie siekte te veg. Die leefwyse van Christene, hulle manier van aanbidding, hulle manier van bid en die wyse waarop hulle God se bediening waarneem, is onaanvaarbaar nie net vir ons nie, maar ook vir die almagtige Here God self! Dus is dit nou tyd vir God se mense insluitende dienaars van God om berou te toon.

Daar is twee redes vir hierdie dodelike pes, volgens die Bybel. Kom ons lees 2 Kronieke 7:13,14:

"As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur,

en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

Hierdie verse is al gedurende baie gebedsbyeenkomste aangehaal. Aangesien mense al dikwels hierdie na verse geluister het, het die boodskap wat dit dra, 'n gewone saak geword en mense heg nie werklik waarde aan hierdie gebedsversoek nie. Die Here God sê duidelik dat gebrek aan reë, sprinkane en peste uitdrukkings is van sy woede. Niemand kan dit weerlê nie.

Eerstens, het Christene wat God se kinders genoem word, vergeet om God op die regte manier te eer en sy heerlikheid word nie deur sy eie mense eerbiedig nie. Eredienste in kerke word gehou asof hulle die geleentheid is vir dramatiese voorstellings. Sommige dienste funksioneer soos klubs en lyk meer soos handelsentrums. Eredienste is verander volgens die smake en giere van individue. Daar is absouut geen orde in daardie dienste nie.

Die onderrig en lering van die kerke uit die Bybelse tyd word nie meer gevolg nie en in die plek van Lof en Aanbidding kom 'n gesing en gedans.

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

Dan wonder ons of dit regtig kerkdienste is.

- God se mense woon nie op die **regte tyd** die eredienste by nie.
- Vandag se kerklidmate gaan nie soos ons voorvaders, kerk toe **as 'n gesin** nie.
- Gedurende eredienste gebruik God se mense hulle **selfone, skootrekenaars ens.** in die tyd wanneer daar gebid en gesing word en selfs wanner God se Woord verkondig word.
- Die mense in die moderne tyd neem nie soos ons voorvaders die **Bybel**, **Liedboek en** 'n **notaboek** saam om aantekeninge te maak nie. In plaas daarvan neem hulle hul selfone en lees verse van hulle fone af. Selfs die pastore en sommige kerklidmate gebruik hulle selfone om liedere te sin en uit die Bybel te lees.
- Sommige kerklidmate toon 'n **gebrek aan respek vir eredienste** deur buite die kerk te staan terwyl die diens aan die gang is. Sommige gaan na koffiewinkels of selfs drankwinkels!
- Kort na aflooop van die diens, **kritiseer** sommige mense die pastore en praat teen hulle om te wys wie is meer belangrik in die kerk.
- Sommige mense bedryf politiek in die kerk en **debatteer en stry** met mekaar in die naam van Bybelse leerstellings om te wys hoeveel mag hulle het.
- Party is geïnteresserd daarin om hulle **ultramoderne klere en juwele** te vertoon.
- Sommige neem hulle **geringe verskille** van mening na die polisiestasie en selfs na die hof.

Hoe kan al hierdie dinge ons lewende God behaag? Wat sê die Bybel oor die Dienaars van God wat in sy dienswerk is?

"Maar vir die goddelose sê God: "Waarom sê jy my voorskrifte een vir een op en beroep jy jou op my verbond jy wat 'n afkeer het van wat Ek jou leer en jou nie steur aan wat Ek sê nie? As jy 'n dief raakloop, breek jy saam met hom in, en as jy die kans kry, pleeg jy egbreuk. As jy jou mond oopmaak, praat jy kwaad; jou tong ryg bedrog aanmekaar. Jy sit en praat teen jou broer, jou eie broer beswadder jy. Moet Ek stil bly as jy sulke dinge doen? Dan sal jy dink Ek het soos jy geword! Nee, Ek eis rekenskap van jou, Ek kla jou aan" (Psalm 50:16-21).

Die Here wat ons geroep het vir sy werk het ontevrede geraak met ons en ons dienste en het toegelaat dat kerke gesluit word en het sy gesig teen ons eredienste gedraai. Selfs op die Sabbat kan ons nie ons eie kerke gebruik nie. Lees asseblief ook 2 Kronieke 29, Deuteronomium 6 en 28.

2 Kronieke 29:6-8: Ons voorvaders was ontrou en het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here ons God. Hulle het Hom verlaat, die woning van die Here nie versorg nie en dit die rug toegekeer. Hulle het boonop die deure van die ingangsportaal gesluit, die lampe laat doodgaan en geen wierookoffer of brandoffer vir die God van Israel gebring in die heiligdom nie. Daarom het die toorn van die Here oor Juda en Jerusalem gekom, en Hy het van hulle iets gemaak waaroor mense net met afgryse vervul kan word en die hande van verbasing inmekaar kan slaan en kan fluit, soos julle met julle eie oë sien".

Deuteronomium 6:12-14:

"Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie. Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê. Jy mag nie ander gode aanhang nie, ook nie gode van die volke in jou omgewing nie".

Deuteronomium 28:20-22:

"Die Here sal die vloek oor jou stuur, verwarring en terugslae in alles wat jy aanpak en doen, totdat Hy jou uitgeroei het en jou skielike ondergang bewerk het oor al die verkeerde dinge wat jy gedoen het deurdat jy Hom verlaat het. Die Here sal peste en plae aan jou laat kleef totdat Hy jou uitgeroei het uit die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem. Die Here sal jou tref met tering, inflammasie en koorssiekte, met hitte, met oorlog en met brandkoring en roes. Dit sal by jou bly totdat jy uitgewis is".

Tweedens kan dit ook 'n teken wees van die tweede koms van Jesus Christus wanneer Hy die wêreld gaan oordeel. Dit is in die Bybel opteteken in Matteus 24:4-13:

Jesus antwoord hulle: Baie sal onder my Naam kom en sê: 'Ek is die Christus,' en hulle sal baie mense mislei. Julle sal die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor. Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd. Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely. In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat. Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei. Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel. **Maar wie tot**

die einde volhard, sal gered word".

Onlangs het ons gehoor dat sommige wêreldleiers besef het wat die rede is agter hierdie moeilikhede. Ons glo dus dat God begin het om iets nuuts te begin.

Dus moet die dienaars van God in hierdie dae weer dink watter soort roeping hulle het, en waarlik berou toon en dink oor hulle redding, doop en heilige lewe. Sonder om stil te bly moet ons almal vuriglik bid vir die mense van hierdie wêreld, die mense wat regeer en veral vir die kerke en die gelowiges in die kerke. Mag die Almagtige God genade betoon aan die mense van hierdie wêreld! Daar is geen ander weg nie!!

Alle eer aan God!

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,
S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls. 1

beperk. Tog het die virus alreeds die wêreldekonomie geknak en miljoene werkloos gelaat.

Nasies soos Italië, Spanje, Frankryk, die VK, VSA, Rusland en Iran is die swaarste getref. In Indië het die dodetal honderde verbygesteek en die infeksietal duisende. Tamil Nadu het 'n paar dode en etlike duisende wat geïnfekteer is. Al die state het inperking afgekondig ooreenkomstig die sentrale regering en probeer hard om die aanslag onder beheer te bring. Dit is 'n enorme werk!

Die verskriklike virus het uitgebreek in die provinsie Wuhan in China in November 2019 en vandaar het dit binne 'n kort tyd soos 'n veldbrand versprei na die lande van die wêreld. Tot op datum is nog geen spesifieke medisyne gevind teen die nuwe virus nie. Die medisyne wat nou beskikbaar is word aan geïnfekteerde persone toegedoen volgens die simptome wat hulle toon. Navorsers is op die uitkyk vir 'n entstof om die virus te beheer. Maar dit kan 'n tyd neem voordat dit al die laborotorium-toetse geslaag het en vrygestel word. In elk geval sal God se kinders spesiale beskerming geniet in die bloed van Jesus Christus!

Die vraag kom by ons op waarom rampe die wêreld tref. Die antwoord is eenvoudig. Wanneer mense wegdraai van God, laat Hy rampe toe om die wêreld te tref om mense na Hom toe te trek. Na alles het God die wêreld net vir sy mense geskep. God wil die goddelose en bose mense, die rebelle, terugbring na die regte pad. Hoe gouer hulle nader aan Hom kom, hoe gouer sal die ramp op 'n einde kom!

Die ramp in die dae van Noag

In die dae van Noag het die Here gesien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink. Toe was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief (Genesis 6:5-6). Dus het God besluit om die mense wat Hy geskep het op die aarde, mense en diere, kruipende wesens sowel as die voëls van die lug te vernietig. In die woorde van Jesus Christus in daardie dae voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Hulle het nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom en hulle almal weggesleur het (Matteus 24:37-39).

Noag het genade in die oë van die Here gevind aangesien hy 'n regverdige mens was, volmaak onder sy generasie, en met God gewandel het. God het dus besluit om Noag en sy gesin te red en hom versoek om 'n ark te maak. Soos hy deur die Here beveel is, het Noag begin om die ark te bou. Intussen het hy geregtigheid aan die mense verkondig. Maar die mense het hulle nie daaraan gesteur nie en nie hulle bose lewenswyse laat vaar nie (1 Petrus 3:20; 2 Petrus 2:5).

God het Noag beveel om in die ark in te gaan met sy gesin. God het hom ook opdrag gegee om saam met hom sewe pare rein voëls en diere en een paar onrein diere, manlik en vroulik, in die ark te neem. Die reën het gekom en toe die vloed. Die deur van die ark is deur God gesluit en dit het begin dryf. Al die bergpieke was onder water. Die water het vir 150 dae die botoon* gevoer! Alle lewende dinge op die aarde het gesterf. Noag was vir een jaar en 17 dae in die ark en het uitgekom toe die water weggetrek het. Die mense wat nie na die woorde van Noag geluister het nie, het omgekom! God waarsku van tyd tot tyd die wêreld deur sy diensknegte. Die wyses hoor sy stem en verander hulle weë en ontsnap aan die ramp!

Oordeel oor Sodom en Gomorra

Sodom en Gomorra was twee stede naby aan mekaar op die

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Julie 2020 tot 18 Augustus 2020

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Julie 19: Die Here God het ons tot nou beskerm teen COVID-19.

Julie 20: Die Here het in genade ons Mederedakteur Br. Paulraj genees van sy siektes.

Julie 21: Laat ons God loof vir al ons Mederedakteurs en hulle veiligheid.

Julie 22: Dank God vir die goedhartige geliefdes wat begin het met die ondersteuning van mense wat deur CORONA geraak is, en van ons dienswerk.

Julie 23: God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

Julie 24: Ons kon mense help wat gely het gedurende COVID-19.

Julie 25: God het ons evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na sendingvelde gestuur is.

Julie 26: God het ons gehelp om die publikasie van **Echo of His Call** te hervat vanaf Junie 2020 te midde van COVID-19.

Julie 27: Laat ons God loof vir die ondersteuners van **Echo of His Call se Bedienings.**

Julie 28: Ons het goeie verslae gekry oor ons werk in die sendigvelde.

Julie 29: Ons loof God vir al die toegewyde personeel in ons bedienings.

Julie 30: God het al die studente van ons Bybelkollege bewaar.

Julie 31: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

Augutus 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call Bedieninge** gedurende die tyd van COVID-19 geseën.

Augutus 02: Dank God dat Hy ons gehelp het om al ons bedieningsaktiwiteite te hervat.

Augutus 03: Laat ons God prys vir al die geestelike en wêreldleiers oor die wêreld.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Augustus 04: Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

Augutus 05: Bid vir die uitwissing van die CORONA-griep op die wêreld.

Augutus 06: Bid vir die bedroefde families wat hulle geliefdes verloor het vanweë die CORONA-griep.

Augutus 07: Bid vir die mense van die wêreld om berou te toon.

Augutus 08: Bid dat God se genade weereens op die mense uitgestort sal word.

Augutus 09: Bid vir die vloeke wat op Indië rus.

Augutus 10: Bid vir nuwe studente vir die **St. Paul's Matriculation School** vir die jaar 2020-2021.

Augutus 11: dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die **Echo of His Call Bedieninge.**

Augutus 12: Laat ons bid vir vrede in die hele wêreld.

Augutus 13: Bid vir die behoeftes van al die mense van die wêreld.

Augutus 14: dat God 'n herlewing oor die hele wêreld sal stuur.

Augutus 15: Mag God toegewyde studente gee vir ons Nehemia Bybelkolleges vir die jaar 2020-2021.

Augutus 16: Dat God ons sal help om die Engelse boek met die titel "Koninkryk van God" wat deur ons mederedakteur, Br. M. Paulraj geskryf is, baie gouer te publiseer.

Augutus 17: Laat ons bid vir die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call.**

Augutus 18: Laat ons bid vir die werkers in ons sendingveld.

verv. van bls.4

Jordaanvlakte. Abraham se neef Lot het in Sodom gewoon. Die mense van die twee stede was gewelddadig en korrup en nog meer karakterloos as die mense in die dae van Noag. Die manne (engele) wat Abraham besoek het en saam met hom geëet het, wou die stede besoek. Teen skemer het hulle vir Lot ontmoet. Hy het daarop aangedring dat die twee manne by hom oornag. Hulle het ingegee en by Lot geëet. Voordat hulle gaan lê het, het die manne van Sodom en Gomorra, jonk en oud met geweld by Lot aangedring om die manne aan hulle oor te gee sodat hulle met hulle gemeenskap kon hê. Lot het selfs sy twee dogters aangebied, maar hulle wou nie kopgee nie. Die Here het hulle met blindheid geslaan sodat hulle voel-voel moes loop. Die Here het Lot, sy vrou en dogters aangejaag om die stad te verlaat aangesien Hy dit sou vernietig. Die Here het gesê, "Vlug vir julle lewe! "Moenie omkyk nie! Moenie êrens in die vlakte vertoef nie. Vlug berge toe, anders word jy omgebring" (Genesis 19:17). Teen dagbreek het die Here swael en vuur laat reën op Sodom en Gomorra en die twee stede vernietig. Lot se vrou wat teruggekyk het, het 'n soutpilaar geword!

Homoseksualiteit is 'n ernstige sonde. Dit was wyd verspreid selfs in die dae van Lot. God het dit gehaat en die twee stede wat dit beoefen het, verwoes. Die sonde is selfs vandag nog wyd verspreid. Die meeste nasies van die wêreld het wetgewing aangeneem wat verklaar het as nie 'n misdaad nie. Huwelike word bevestig selfs tussen twee mans, en twee vrouens! Die wêreld behoort dit te verafsku en wegkom van die euwel. Dus, wanneer nasises teen die wil van God gaan, stuur God sy oordeel op mense in die vorm van vloede, peste, aardbewings, ensovoorts.

Die pes gestop

God het die pes gestop in die dae van koning Dawid. Dawid het , sonder om die Here te raadpleeg, sy bevelvoerder Joab gevra om Israel en Juda te tel. Dawid het oorloë gewen nie deur sy mag nie maar deur die mag van die Here. Hy moes dus nie vir sy eie genot daardie oefening aangepak het nie. Dapper manne wat die swaard kon hanteer, is getel. Daar was 0.8 miljoen in Israel en 0.5 miljoen in Juda. Toe het Dawid besef dat hy 'n dwaasheid begaan hhet.

Die Woord van God het gekom van die profeet Gad. Dawid is die keuse gegee om te kies uit een van die volgende: sewe jaar hongersnood in die land, om drie maande lank te vlug voor sy vyande of drie dae pes in die land.

Dawid was in groot benoudheid. Hy kon nie kies nie. Hy het vir Gad gesê, "Ek is in 'n hoek gedryf. Laat my liewer in die hand van die Here val, want sy genade is groot. Ek wil nie in die hand van 'n mens val nie" (2 Samuel 24:14).

Die Here het pes onder Israel gestuur en sewentigduisend het gesterf. Maar toe die engel sy hand uitgesteek het oor Jerusalem om dit te vernietig, het die Here besluit om die straf nie verder te voer nie. Hy het vir die engel wat die verderf onder die volk aanrig, gesê: "Dis nou genoeg. Trek jou hand terug". Die plaag is gestop. Toe Dawid sy fout erken het en in God se hand geval het, is Jerusalem gespaar.

Wat wi die Here hê?

Die Here het groot verwagtings van sy mense gehad. Maar hulle het 'n hopelose klomp geword.

Toe Ek jou geplant het, was jy 'n goeie wingerdstok, opreg gekweek, maar hoe het jy nie

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbina Smith
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330, SOUTH AFRICA.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

verander in onkruid, in 'n wilde wingerdstok nie! (Jeremia 2:21).

Die Here was nie gelukkig met sy mense toe hulle gelieg het en Hom vergeet het nie.

Vir wie was jy so bang en bevrees dat jy vals geword het? Jy dink nie meer aan My nie, jy steur jou nie meer aan My nie. Ek het lank geswyg toe jy My nie meer gedien het nie (Jesaja 57:11).

Maar die Here is genadig en vergewensgesind. Hy sê:

Ek reken nie vir altyd sondes toe nie, Ek bly nie vir altyd toornig nie, want anders sou dit die einde beteken van die mens, die mens aan wie Ek die asem gegee het. (Jesaja 57:16).

Nou roep die Here na sy volk;

Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur. Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. (Joel 2:12,13)

Dus is dit tyd vir God se mense om introspeksie te hou oor waar ons tekort kom voor God. Toe ons na die Here gekom het, het ons groot ywer en liefde aan die dag gelê en was vlytig in al sy weë. In die boodskap aan die kerk in Efese, het die Here gesê, "Nogtans het ek dit teen jou dat jy jou **eerste liefde** verlaat het (Openbaring 2:4).

Dis 'n feit dat baie van ons mense goddeloos geword het en selde die kerk bywoon. Elke Sondag, veral in Europese lande, maak groot kerke hulle deure oop en nooi mense om die Here te aanbid. Net 'n paar kies om by die deure in te gaan en deel te neem aan die aanbidding. Die meeste van die banke bly leeg. By 'n gebrek aan gemeentelede is sommige kerke verkoop om gebruik te word vir bioskope en danssale. Sommige is selfs verander in drankwinkels! Sal die Here daarmee gelukkig wees? Baie toon weinig ywer en agting vir die aanbidding van die Here. Dit is hoog tyd dat ons introspeksie hou oor waar ons is. Laat ons dus na die troon van Genade kom met gebroke harte en geween en rou. Ons God is nog steeds welwillend en genadig!

Die krag van Gebed

Hiskia, die koning van Juda was siek en naby die dood. Die profeet Jesaja het na hom toe gegaan en gesê, "Bring jou huis in orde, want jy sal sterwe en nie lewe nie. Hiskia het sy gesig na die muur gedraai en tot die Here gebid en gesê:

"Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë." En Hiskia het bitterlik gehuil (2 Konings 20:3).

Die profeet het net uitgegaan, maar die woord van God het na hom toe gekom en hy het teruggegaan en gesê, "Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak. Op die derde dag (oormôre sal jy opgaan na die huis van die Here. En Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil." (2 Konings 20:5,6). Laat ons soos Hiskia aan die voete van die Here val met trane en gebede. Die Here sal ons trane sien en na ons gebede luister en ons en die wêreld verlos uit die ergste aanval van die virus.

Godvresende mense en God se dienaars oor die wêreld laat gebede opgaan met gebroke harte voor die Almagtige God om genade te betoon. Nuuskanale saai beelde uit van mense wat uit hulle huise kom en op hulle knieë staan in die straat en hulle hande uitsteek in pleidooie tot die Here. Hulle ondervind soveel pyn en lyding!

Hierdie gebede herinner ons aan die een wat Esra opgestuur het toe hy teruggekeer het uit ballingskap vanaf Babilon. Hy het gesien dat die heilige bloed van sy volk besoedel is en dat daar groot geestelik en morele agteruitgang was. Hy het met 'n vas begin en toe hulle hom oorreed het, het hy opgestaan met sy klere geskeur, op sy knieë geval en sy hande uitgesprei na die Here. Hy het God se seëninge in herinnering geroep, ook sy vermanings en die sonde van die mense. Hy het sy gebede afgesluit deur te sê: 'Here God van Israel, U is regverdig. U het die klompie van ons laat vrykom, so soos dit vandag is. Hier is ons voor U met ons oortredings, maar so kan niemand voor U staan nie" (Esra 9:15). Die mense het berou gehad oor hulle sonde en daar het 'n groot herlewing gekom in daardie dae!

Hoewel die kerke nie groot gebeds- en aanbiddings-geleenthede reël nie weens die regering se beperkings, hou die meeste van hulle sulke geleenthede met 'n beperkte aantal lidmate en pleit by die Here om sy volk genadig te wees. Sommige saai dit direk uit, deur TV-kanale, YouTube, Whatsapp, ens. Dit vervang nie ons groot gebeds-geleenthede nie.

Liewe vriende, ons Echo of His Call se Bedienings staan ook voor die Here met swaar harte omdat ons nie ons gewone

kerkdienste kan hou nie. Ons hou nogtans gebeds- en aanbiddingsgeleenthede met 'n beperkte aantal lidmate en dan maak ons dit beskikbaar vir ons lidmate en die publiek deur YouTube en Whatsapp. Ons grootste bekommernis is dat ons mense nie deur die virus geraak moet word nie en ons bid dat die wêreld so gou as moontlik daarvan verlos sal word. Ons onthou in ons gebede hoe die Here in Egipte sy volk gered het van die plae, veral van die tiende plaag toe Egipte geruïneer is. Ons glo vas dat die bloed van die Here Jesus Christus sterker is as die bloed van die lam wat Israel toe gered het! In die Naam van die Here maak ons aanspraak op beskerming in die bloed van die Lam!

Onthou die Armes

Gedurende die tyd van inperking bly omtrent al die industrieë gesluit en dit laat miljoene werkloos oor die wêreld. Sommige kan nog vir 'n tyd die mas opkom terwyl ander van die begin af die druk voel. Die Woord van God sê, "Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is" (Deuteronomium 15:11).

Soos ons dit vind in die Woord van God, is daar armes en behoeftiges rondom ons. Sommige van ons mag in 'n posisie wees om die armes en behoeftiges te help. Laat ons dan ons hand wyd oopmaak vir ons broers en susters. "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed" (Spreuke 19:17).

Behalwe vir die regering se hulpmaatreëls, het 'n groot aantal nieregeringsorganisasies, vrywillige organisasies en individue na vore gekom om hulp te verleen aan die armes en behoeftiges. Ons Echo of His Call Bedienings het ook hulp georganiseeer vir die arm en behoeftige broers en susters van ons kerke en van die publiek. Ons glo God sal sulke groothartige mense onthou en hulle veelvuldig terugbetaal!

Ons geloof

Ons God van guns en genade het alreeds geluister na ons gebede. Dit kan gesien word op die aardbodem. Hoewel die verspreiding van die virus steeds 'n bedreiging is, het die getal sterftes afgeneem en die aantal genesings is aan die toeneem in baie lande. Baie nasies insluitende Indië bedink planne om uit die inperking te kom om so te voorsien vir ekonomiese aktiwiteit. Sommige lande is op die pad na herstel. Ons bid vuriglik dat die Here die verspreiding van die virus dadelik sal stop en die ekonomie van die nasies van die wêreld sal laat herlewe soos voorheen. Ons glo God sal dit spoedig doen!

Ons Here hou van aanbidding! Hy sal nooit gelukkig wees dat sy kerke toe bly nie. Hy wil hê dat sy mense in groot getalle in kerke bymekaarkom, hulle harte voor Hom uitstort en die geur van gebede voor sy altaar bring. Hy hou daarvan om na hulle gebede te luister en guns en seëninge te stuur. God gee elke Sabbat sy woord deur sy dienaars, die pastore. Sy woord sal voldoende wees vir die lammers om te wei en te drink vir die hele week. Dit is hoe ons elke week geestelik weer gelaai word soos 'n battery. Jesus het gesê, "My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My" (Johannes 10:27).

Liewe, vriende ons sal spoedig uit die pandemie kom. Binnekort sal ons die Here aanbid met groter energie en toewyding. Ons mense sal sy woord hoor. Ons ekonomie sal baie gou herleef en ons mense sal verseker wees van hulle werk en lewensonderhoud, veilig in die hande van die Here. Daar sal groter vreugde in die land wees!

Ons glo daar sal 'n nuwe orde te voorskyn kom in die wêreld in die wyse waarop die Here ons God aanbid word. Mense sal in hordes voor Hom kom met groter ywer en toewyding. Die dienaars van God moet ook hulleself opnuut toewy met groter oorgawe en offers! Almal moet agter Jesus aangaan en nie agter die wêreld aan nie. Ons leefwyse moet verander. Daar behoort 'n streng kleredragreël vir leiers van aanbidding en predikers te wees! God se altaar leer ons van opoffering! God kon ook hierdie dinge vir ons gee as 'n geleentheid om binnekort ons leefwyse te verander!

Ons staan werklik voor 'n nuwe bedeling, 'n nuwe wêreld! Die wêreld sal nooit weer dieselfde as voorheen wees nie. "Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn" (Jesaja 35:10). Die Here sal groot dinge doen. Hy sal ons trane afdroog!

"Jy moenie bang wees nie, ploegland, jy moet bly wees en juig, want die Here het 'n wonder gedoen!"

****

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

“die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie”
SPREUKE 3:26

Ek het die gewoonte gehad om gereeld evangeliese traktaatjies en pamflette wat deur Scripture Gift Mission gepubliseer is, te versprei saam met Broer Samuel Daniel, Faith Prayer and Tracts League, Broer R. James Ronald ens. in die strate, op die markte, spoorwegstasies, bushaltes, strande in die aande. Aangesien ek destyds vir die staat gewerk het van die môre tot die aand, en hierdie verspreidingswerk in die aand gedoen tot laat in die nag, het mense opgemerk dat ek mal moet wees om so laat aan te hou en om dié rede het hulle anders na my gekyk en my probeer vermy en weggebly van my af. Maar ek het volgehou met my bediening. By tye het ek nie minder as 15 tot 20 kilometer op 'n aand geloop en die gratis evangeliese literatuur versprei onder die publiek. Maar ek het nie 'n plek gehad waar ek my nuwe vriende bymekaar kon kry om met hulle te gesels oor God nie.

Eendag, in 1973, toe ek besig was om evangeliese pamflette te versprei en vir mense van die evangelie te verduidelik, het van die mense in 'n mark my omring en begin om snaakse vrae te vra en probeer om my fisies aan te val. Ek het fisies alleen gevoel. Op een stadium was ek bang en daarom het ek opgekyk na die hemel en God se hulp gevra. Ek het geweet daar was geen Christenbroers om my te red nie, en dat iets slegs met my kon gebeur daardie aand. My bene en hande het begin bewe.

Ewe skielik het een jong man voor my kom staan en gevra, “Wie is jy?” Ek het geantwoord, “Ek is 'n nederige dienaar van die Almagtige God Jesus Christus”. Hy het gevra, “hoe kan jy so 'n oorlas wees hier?' Ek het geantwoord, “Meneer, ek steur niemand nie. My mense wat hier woon, is op pad na die ewige vuur van die hel vanweë hulle sonde en 'n lewe sonder Christus. Ek verkondig aan hulle die regte weg na 'n gelukkige lewe in hierdie wêreld en in die ewigheid.” Onmiddellik het hy my gedruk en gesoen tussen al die mense wat my omring het. Toe het hy homself voorgestel as mnr. Gnanasigamany van die Wesliaanse Kerk, Royapettah TSjennai-14 en hy het my van daardie mense gered.

Toe het hy my na sy huis toe geneem en 'n deel van sy huis in Mohammed Hussain Straat aan my toegeken om my weeklikse biduur te hou. Hy het sy vrou, mev. Angeline en sy klein seuntjie en dogter gevra om na my om te sien en om hulp te gee in die bediening. Hy het my vir omtrent 40 jaar lank gehelp deur sy liefde, en ondersteuning en eindelik het hy saggies heengegaan na die heerlikheid in Oktober 2012. God het hom geëer omdat hy so begaan was oor sy nederige dienaar en het sy vrou en twee kinders geseën.

God sê, “Waarlik, Ek sê vir julle, in soverre as julle dit gedoen het aan een van die geringstes van my broers hier, het julle dit aan My gedoen.” Doen asseblief goed aan ander, veral aan God se kinders. Mag God julle seën!

****

'n Versoek in liefde gerig

As you all know we are hard-pressed to meet several needs like the salary of the staff, expenses on the purchase of paper and also the travel expenses. Generally we never ask others to meet our financial needs. But we request those who truly love this ministry to send your offerings and support this Ministry. The Lord will surely bless you.

-Redakteur
Echo of His Call

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org /
www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 5th AUGUST 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**